KURUMAN BULLETIN, 16 OKT. 2008

SANGER BEKOOR KINDERS

Annerie Louw

STEYN FOURIE en sy vrou, Lurina, het die verskillende skole in die omgewing besoek met 'n prettige, interaktiewe, musikale vertoning wat handel oor die Tien Gebooie.
Hy het ook 'n vorige projek, XG, in samewerking met die ATKV-Centurion by skole aangebied waarin hulle meer omtrent basiese morele waardes en standaarde geleer het.
Hy sê sedert Maart 2004 het hulle meer as 400 suksesvolle vertonings agter die rug, meer as 100 000 CD's verkoop, meer as 300 000 kinders bereik en meer as 250 000 km getoer.
Steyn sê hy het besef kinders ken nie meer die Tien Gebooie nie en verstaan boonop ook nie alles daaromtrent nie.
Tog is dit belangrik om God se Tien Gebooie te begryp, want dit is Sy reëls vir ons om aan Hom gehoorsaam te wees. Dit is ook belangrik dat kinders reeds op 'n jong ouderdom ingelig word om as tiener oor basiese morele waardes en standaarde te beskik.
Die gr. 6-klas van die Laerskool Seodin het die geleentheid gekry om hul ervaring in die klas neer te skryf. Hier is 'n paar se reaksies:
Kyla Horn: "Dit was baie oulik. Hy het alles gesê sodat ons dit kan verstaan. Nou ken ek weer nuwe goed. Hy was regtig *cool*."
Erica van der Westhuizen: "Hy is snaaks en 'n wonderlike sanger. Hy praat soos ons kinders van vandag en is baie verstaanbaar en het 'n goeie boodskap vir ons gegee."
Aldonhé Ward: "Die liedjies was *awesome*. Hy het ons geleer van die Tien Gebooie en van die wolk van irritasie wat tussen ouers en kinders is. Ek het 100% verstaan wat hy vir ons gesê en geleer het. Dit was *cool*!"
Cara Thomas: "Dit was die interessantste, *coolste, amazingste,* Christelike opvoering nog. Die liedjies was interessant en was pret om te sing. Hy het 'n heerlike vertoning gegee. Dis net die beste. Ek is liewer vir die Here as ooit."
Steyn sê daarop: Alle eer aan die Here.